DIE MIDDERNAGSON.

"Nee man, vergeet dit, dis te duur! Maar jy het tot hier gekom; jy gaan nooit weer die geleentheid kry nie; doen dit!" oortuig ek myself om na die middernagson te gaan kyk. En dit was toe op die ou end 'n wonderlike ervaring en die moeite werd om die ekstra geldjie uit te haal vir die reis. En soos ek later sou uitvind, gaan kyk duisende mense na die Middernagson, maar sien dit nooit! Maar ék het dit gesien!!

Die kongres in Helsinki is so beplan dat besoekers na afloop 900 km Noord kon reis om die Middernagson op 22 Junie te sien, dis net vir 'n dag of twee sigbaar vanaf Rovaniemi - wat op die arktiese sirkel lê – dit is dan die middel van hul somer - mits jy op die hotel op die hoë koppie buite die dorp se hoë dak klim.

So vertrek 'n klomp gemoedelike nuuskieriges met 'n nagtrein uit Helsinki en kies koers Noordwaarts. En jy moet nie naby 'n venster sit nie want die son verblind jou die hele aand; die son gaan mos net vir 'n kort rukkie onder; die res van die tyd hang hy laag bokant die horison. En daar is nie veel van natuurskoon deur die venters te sien nie, dis net aanmekaar denneplantasies en mere en elke nou en dan 'n stasie omring met groot stapels dennehoutstompe.

Ons kuier heerlik in die trein se sitkamer, saam met Finne wat elke nou en dan op en af klim. Ek en Bill Streeter van die VSA sit rustig en bier drink toe 'n baie gesellige jong dame met 'n bierbottel in die hand – op pad na haar tuisdorp Rovaniemi – by ons tafeltjie aansluit; terwyl sy steeds geselliger word. Sy wil weet waar kom ons vandaan en wat kom doen ons daar. "Ek is van Suid Afrika en Bill van die VSA en ons is oppad na Rovaniemi". "En wat gaan julle daar doen?" wil sy verbaas weet. "Ons gaan die middernagson kyk." "Wat!!" roep sy en hou die tafeltjie vas om nie van haar stoel te val nie, "kom julle al die pad na Rovaniemi om die middernagson te sien?!" sproei sy bier met 'n afkeurende frons.

Intussen kronkel die trein tussen die mere deur. Laat aand word al die blindings voor die vensters toegetrek om die son uit te hou en die passasiers kom een vir een tot ruste. Hoe verder Noord jy gaan hoe later gaan die son onder totdat hy glad nie meer onder gaan Noord van die arktiese sirkel nie. Dan sien jy hom 06:00 reg Oos, so 'n entjie bo die horison; 12:00 reg Suid en 'n bietjie hoër, 18:00 reg Wes en weer laer en dan middernag reg Noord , op die horison. So gaan die son al in die rondte en die voëltjies sing aanmekaar. Die aanhoudende koue en skemer maak die atmosfeer somber.

So kom ons vroegoggend op Rovaniemi aan en ek boek in by 'n gastehuis. Behalwe vir 'n museum, die son en 'n rivier is daar niks anders te sien nie. Na 'n baie vervelige dag stap ek 6 uur die aand maar na die hotel op die bult toe - dis eintlik 'n ski-oord in die winter, maar is nou verlate. Ek klim tot op die dak van die hotel en sit en wag. Die son sit Noord-Wes so 'n entjie bo die horison en skuif stadig om na die Noorde - al laer – en dit lyk net soos 'n sonsondergang hier by ons wat nie kan klaarkry nie. 'n koue windjie stoot op uit die Noorde en tussen die struike snuffel 'n hasie. Al om die uur neem ek maar 'n foto van die son om die tyd om te kry. En uiteindelik – 11 uur die aand – daag 'n paar bekende gesigte op; 'n groep kongresgangers en ons kuier lekker saam. Dit word ysig koud op die dak, maar gelukkig is daar 'n hoop takbokkarosse om ons warm te hou.

Maar skielik besef ek: dis mos Somerbesparingstyd hier! Dis eintlik eers 01:00 regtig middernag. Opgewonde bespreek ons die nuwe inligting en 'n paar besluit hulle gaan wag tot 1 uur. Net voor 12 uur stop 'n paar busse vol toeriste en presies om middernag – horlosietyd – drink hulle die sherrietafels leeg, en minute later is hulle weer weg – en die son sit 'n entjie bo die horison! Hulle het nie die middernagson gesien nie!! Die tafeldoeke onder die leê glasies wapper in die geniepsige koue windjie.

Nog is die storie nie klaar nie – ek besef skielik dat Rovaniemi tussen twee lengtegrade lê. Ons kyk op 'n kaart en werk uit dat die regte middernag nog later, eers 01:20 is. Ons besluit om tot dan te wag. En 01:20 daardie nag soen die son die horison en lê hy presies Noord – jy kon hom pyl met die reelings op die dak van die hotel– presies in lyn. Ek het die middernagson gesien!! In die verte vlieg 'n passiersvliegtuig voor die middernagson verby – 'n onvergeetlike prentjie.

Terwyl ek terug stap kom Sibelius se somber Finlandia by my op: Da-da-da-daaaa, da-da-da-daaaa–didi-daaaa… Die son sit al 'n bietjie hoër en oral fluit die voëljies…